Kampeer makliker en geriefliker

Die Abba-kampeereenheid is meer as net 'n maklike manier om te kampeer. Dit kan gebruik word vir verblyf wanneer die huis te ver is of as jy die lang pad aandurf.

Volgens mnr. Jos Joubert van Abba Campers word sy kampeereenhede nie net deur avontuurlustiges gebruik nie, maar ook deur konstruksiebestuurders en selfs die boeregemeenskap.

"Dit is hul huis weg van die huis af. In die boubedryf word die eenhede op afgeleë bouterreine gebruik en veldwagters of selfs veeartse gebruik dit as werkbasis in die veld."

Jos sê dit duur minder as 'n halfuur om die eenheid te monteer. "Dit kos ook minder tyd as wat dit kos om enige woonwa of boswaentjie veilig te maak en te sluit as jy jou kamp wil verlaat."

BOU OP BESTELLING

Jos sê hulle bou die kampeerders slegs op bestelling en hoewel die mark daarvoor klein is, gaan nie 'n maand verby wat hulle nie ten minste twee eenhede bou nie.

Die grootste gedeelte van die mark bestaan uit boere, hoofsaaklik omdat boere reeds bakkies het. "Ouers wie se kinders al die huis verlaat het, koop ook die eenheid. Dit is dan wanneer hulle die kinders se erfgeld begin bestee," spot Jos.

"Die eenheid voorsien in al jou behoeftes, want dit word volgens jou spesifikasies en begroting ontwerp en ingebou. Die meeste ekstra dinge kan later bygevoeg word as jou begroting dit nie dadelik toelaat nie."

Van die eenhede kan uiters luuks raak met 'n dubbelbed of groter en selfs 'n ingeboude toilet. Die stort word aan die buitekant gemonteer en van die minder luukse weergawes se toilet is eerder 'n *port-a-potty* (mobiele toilet).

Die Compact-eenheid op 'n Land Cruiser. Dit duur minder as 'n halfuur om die eenheid te monteer.
FOTO: VERSKAF

HOE GROOT IS DIT?

Die kampeereenhede wat Jos het, kom in drie verskillende lengtes en twee verskillende wydtes voor. Hy het verskillende mates vir die verskillende bakkies en selfs spesiale projekte vir Land Rovers. Sy nuutste eenheid is die Compact Camper vir 'n dubbelkajuitbakkie. Dit het geen oorhang aan die agterkant van die voertuig nie.

As die eenheid groot is en alles in het, insluitend die ingeboude toilet en geisers, kan dit tot 560 kg weeg, maar 'n gemiddelde eenheid weeg 200 kg tot 300 kg.

Die eenhede word toegerus met watertenks vir tot 100 liter water en 'n pomp, 'n kombuis, dubbeltafels aan albei kante en 'n wasbak in die binnekant.

OM DIT TE BOU

Om 'n eenheid te bou, kan 10 tot 12 weke duur, verduidelik Jos.

Die eenhede is vrothoutvry omdat die hele eenheid hoofsaaklik van glasvesel gebou word, behalwe van die kassies se deure wat van hout is. Die kampeerders word met die hand gebou en Jos se span maak die glasvesel-panele self, wat dan binne-in die kampeereenheid aanmekaar geheg word.

Die voordeel van die glasvesel pleks van aluminium, is dat die eenheid deur die dag nie kokend warm word nie en in die nag nie yskoud nie. "Jy hoef ook nie voorsiening te maak vir kondensasie in die nag nie. Glasvesel handhaaf te alle tye 'n baie gematigde temperatuur.

"Die eenhede word so gebou dat dit in Afrika se moeilike en harde omgewings sonder enige probleme kan werk. Mense het al duine in Namibië uitgery met een van die eenhede op die bakkie. Botswana se paaie word sonder probleme platgery." **LBW**

NAVRAE: Abba Campers, Pretoria. Mnr. Jos Joubert, sel 082 893 1851 of e-pos, **jos@safaricampers.co.za.**